**"Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid"**

(Hebr. 13:8)

# OMSENDBRIEF Desember 2016

Ek groet die broeders en susters heel hartlik oor die aarde in die kosbare en heilige naam van onse HERE Jesus Christus met die woord uit IKorinthiërs 4 verse 1-2:

*"So moet ons dan beskou word as dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God. En verder word van die bedienaars vereis dat hulle getrou bevind moet word".* So het Paulus homself en die ware diensknegte van Christus voorgestel.

Wat 'n voorreg, om deur die HERE self in die bediening geplaas te word (ITim. 1:12)! Wat 'n voorreg, om die verborgenhede van God, wat destyds deur die bediening van die apostels en nou deur die bediening van Broeder Branham verkondig word, en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar is, te kan administreer! Wat 'n voorreg, om toegelaat te word om die laaste boodskap letterlik aan die hele wêreld oor te kon dra — vir een tot die uitroeping, vir die ander as getuienis!

Die belangrikste boodskap voor Christus se Wederkoms is: *"Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!"* (Matt. 25: 1-13). Die Apostel Johannes, wat die finale openbaring ontvang het, skryf: *"Toe sê hy vir my: Skryf — salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God".* (Openb. 19: 7-9). Amen.

Die volgende gelykenis is 100% van toepassing op ons tyd: *"Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet"* (Matt. 25:1).

In hierdie gelykenis word dit deur die HERE self vooruitgespreek dat slegs vyf van die tien maagde, die helfte van die wat die laaste geroep van die Bruidegom hoor, gereed sal wees en die bruilofsfees sal ingaan.

Wanneer die Bruidegom Sy eie wegneem, word hierdie waar: *"Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat"* (Matt. 24: 40+41). Een word opgeneem en een bly terug.

Tien maagde gaan om die Bruidegom te ontmoet: vyf is gereed en gaan die bruilofsfees in. Vyf beland voor die geslote deur. En weer die dringende vermaning: *"Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle HERE kom nie"* (Matt. 24:42); en nog 'n maal: *"Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie"* (Matt. 24:44).

Volgens wat die HERE self gesê het, bly daar daadwerklik slegs die helfte getrou tot aan die einde en gaan die bruilofsfees in. In die belofte wat God aan Abraham gegee het (Gen. 15: 5-6; Gen. 22: 15-18), sal die verlostes deurgans vanaf Adam 'n ontelbare skare wees, soos die sterre in die lug (Rom. 4:18).

In Matthew 24 het ons 'n lys van dit wat voor die Wederkoms van Christus sal gebeur. Van natuurrampe, oorloë, aardbewings en hongersnood, selfs van valse Christusse en profete word daar gepraat. Oor die evangelie sê dit: *"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom"* (Matt. 24:14).

Die kenmerk van ons tyd wat vir almal sigbaar is, is die terugkeer van Israel, in die gelykenis van die vyeboom (Matt. 24:32). God het reeds in Eségiël 11, vers 17, aan hulle belowe:

*"daarom sê: So spreek die Here* H*ERE: Ek sal julle bymekaarmaak uit die volke en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, en Ek sal aan julle die land Israel teruggee".*

Daarom het onse HERE in Matthéüs 24, vers 33, gesê: *"So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit* — die Wederkoms van Christus — *naby is, voor die deur".*

Die wêreldsituasie sal egter wees soos in die tyd van Sodom en Gomorra en soos in die dae van Noag (Matt. 24; Mark. 13). Die snelle verwikkeling van klimaatsverandering, aardverwarming met gepaard-gaande onweer, maak mense bang, soos geskrywe is: *"... en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun"* (Luk. 21:25b).

Matthéüs 24, verse 45-47, is van toepassing op 'n geestelike vlak. Die geestelike voedsel word op die regte tyd uitgedeel en hou direk verband met bybelse lering. *"... terwyl jy jouself voed met die woorde van die geloof en van die goeie leer waarvan jy 'n navolger geword het"* (ITim. 4:6). 'n Persoon wat deur die HERE gestuur is, ken die dag en uur van sy roeping en doen presies wat aan hom gesê is. 'n Bose dienskneg (Matt. 24: 48-51) stel homself aan, het geen opdrag nie en kan nie verslag doen oor 'n roeping nie. Daar is geen verwarring en vermenging nie. Nog nooit het 'n ware dienskneg van God 'n valse een geword nie en nooit 'n bose een 'n getroue dienskneg nie. Uit Moses het daar nie 'n Bileam, of uit Abel 'n Kain gekom nie.

Onmiddellik daarna, volg die gelykenis van die tien maagde in Matthéüs 25, verse 1-13. Wat daar geskrywe staan, word nou met die tweede koms van Christus vervul. Die wyse maagde het lampe wat brand én olie in die kruik. Die lampe van die dwase gaan uit deur gebrek aan olie — die volheid van die gees; en hulle word gesê: "Gaan liewer na die verkopers wat ook praat van die gees in hul karismatiese byeenkomste".

Die wyse maagde laat hulle deur niks verlei nie; hulle sal as 'n suiwer Bruid die bruilofsfees ingaan en die deur sal gesluit word. Met hulle word vervul: *"... en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is"* (Rom. 5:5).

Die dwase wat ook met die Wederkoms van Christus en op die Wegraping wag, sal teleurgesteld wees: *"Meneer, Meneer, maak vir ons oop"* (Matt. 25:11), *"maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie"* (vers 12).

Daar is geen vermenging met God nie, nie in die hemel nie en ook nie op die aarde nie. Elke saad bring voort volgens sy eie soort. Net wie rein van hart is, sal God sien; slegs diegene wat met die Gees van belofte gevul is (Hand. 2:38) en verseël word met die Heilige Gees (Efé. 1:13), sal die heerlikheid ingaan. *"En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam"* (Openb. 21:27).

In ons tyd, soos in die tyd van die apostels, ondervind ons albei: eers die Woord en dan die interpretasies. *"Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan"* (Hand. 20:30). Die dwase maagde sal ook die interpretasies glo, terwyl die wyse maagde slegs die oorspronklike Woord hoor, glo en daarin bly.

Wat wel seker is, is dat geen valse leraar weggeraap sal word nie: *"...maar die een wat julle in die war bring, sal die oordeel dra, wie dit ook mag wees"* (Gal. 5:10[b]) — ook hulle wie mislei word, *"Hulle het die regte pad verlaat en verdwaal"* (IIPet. 2:15).

In die boek Openbaring lees ons reg aan die begin: *"Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor* ***en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby****"* (Openb. 1:3). Wat nie in die Woord geskryf staan nie, is

interpretasies, wat ons as die Woordbruid nie kan glo nie, en beslis ook nie kan bewaar nie.

Ons vind dieselfde waarskuwing en saligspreking in die laaste hoofstuk: ***“Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar”*** (Openb. 22:7).

Die Bruid sê net wat die Gees uit die Woord geopenbaar het: *"En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet”* (vers 17).

Dan kom die finale waarskuwing: *“Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is ... ”* (vers 18).

Alle leringe waarna verwys word as spesiale openbaringe, maar waarvan daar nie in die Bybel getuig word nie, is valse leringe en is byvoegsels tot die reeds-volledige getuienis van God. Wat nie in die Bybel getuig word nie, is onbybels; wat nie in die goddelike Testament geskrywe is nie, is nie van God afkomstig nie. Selfs Paulus moes in Galasiërs 1, vers 8, skryf: *“Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!”*

Wie iets aan die Woord van God toevoeg, is getoor, verkondig 'n ander Jesus, het 'n ander evangelie en is verlei (IIKor. 11:3). Die HERE kon nooit vir die valse leraars sê: “Kom na My toe, julle geseëndes!” nie. Dit is absoluut onmoontlik omdat God waaragtig is; Hy het die Lig geskei van die duisternis. So gewis soos die HERE Sy dienskneg en profeet, William M. Branham, met 'n skriftelike boodskap gestuur het, so gewis sal ons tot God se Woord, wat aan die begin was, teruggebring word. Die suiwer Woordboodskap,

wat die suiwer Woordbruid sal voortbring, is aan ons bekend gemaak. Almal wat glo soos en wat die Skrif sê, behoort aan die wyse maagde. Die uitverkorenes kan nie verlei word met enige interpretasies nie. Hulle is in die Woord en die Woord is ook in hulle. Salig is die prediker wat in der waarheid kan sê: *"Want dit sê ons vir julle deur die woord van die HERE ..."* (IThess. 4:15[a])! Die volgende is op sulke verkondigers van toepassing: *"Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".* (IJoh. 4:6). Amen. Amen.

## In Gees en in die Waarheid

SO SPREEK DIE HERE: *"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou,* ***wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid moet in gees en waarheid aanbid"*** (Joh. 4: 23-24).

Slegs hulle wie werklik in die waarheid is, kan daarin geheilig word en God daarin aanbid. Die HERE self het vir hulle wat aan Hom behoort gebid: *"Heilig hulle in U waarheid: U woord is die waarheid"* (Joh. 17:17).

In sy preek van 18 Januarie, 1965, "The Seed of Discrepancy" (Die Saad van Teenstrydigheid), het Broeder Branham as sleutelwoord die gelykenis van die twee verskillende sade wat gesaai is, gelees (Matt. 13: 24-30). In verse 36-43 het die HERE aan Sy dissipels die betekenis daarvan uitgelê: die ware saad van God, word as koring uitgebeeld wat die HERE gesaai het en na Sy skuur geneem het (Matt. 3:12; Matt. 13:30).

Die onkruid is die saad van teenstrydigheid wat die vyand saai. Broeder Branham het in 'n visioen die wit-gekleede saaier wat die goeie saad saai, gesien; direk agter hom het 'n

man geklee in swart gekom en onkruid gesaai. Albei sade het opgekom en albei het dieselfde reën ontvang. Soos die Verlosser as die in-die-vlees-gekomde Woord geopenbaar is (Joh. 1:14), so seker is die verlostes die Woord-saad wat Hom dien (Ps. 22:31; Jes. 53:10). Broeder Branham het spesifiek gesê: "**Enigiets wat nie met die Woord ooreenstem nie, is die saad van teenstrydigheid**".

Geen leuen het sy oorsprong in die waarheid nie (IJoh. 2:21). Wie ookal die waaragtige God en Sy profeet, wie Hý gestuur het, met die verskillende misleidings verbind, wat ons nie hier in meer besonderhede kan bespreek nie, is besete van 'n leuengees. William Branham was 'n man wat deur God gestuur was. Maar wat word daar vandag van hom en van sy uitsprake gemaak? Elke verheerliking van die mens is godslastering en is 'n gruwel voor God. Ware aanbidders, aanbid God oral in Gees en in waarheid.

'n Dienskneg wat deur God gestuur is, sal slegs die Woord preek, nie die aanhalings wat daarmee verband hou nie. Paulus het sy mede-arbeider, Timothéüs, in IITimothéüs 4, vers 2, beveel om net die woord te preek. En net daarna sê dit: *"want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels"* (IITim. 4: 3-4). Dan sal dit wat die HERE self ook gesê het, van toepassing wees: *"Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is"* (Matt. 15:9).

Alle ware diensknegte van God verkondig die Woord en deel die geestelike voedsel uit, wat met die wil van God verband hou (Joh. 4:34). Ons verkondig Jesus Christus, die gekruisigde, en die volledige evangelie, as God se krag (IKor. 1:18), soos die apostels en Broeder Branham dit verkondig het. Die boodskap vir hierdie aller-belangrikste tydvak, is besig om

die Gemeente kristalhelder, vanoor die hele wêreld te bereik. Dit word duidelik, wie hulle is wat God in Gees en in waarheid aanbid, en wie verby God dink en bid.

## Geloof en Gehoorsaamheid

*"... Jesus Christus, onse HERE, deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het* ***om geloofsgehoorsaamheid te verkry onder al die heidene ter wille van Sy Naam****"* (Rom. 1:5).

Mense moes te alle tye kies, of hulle dit wat die HERE God aan Sy diensknegte gesê het en wat hulle in opdrag verkondig het, glo, en of hulle dit in ongeloof verwerp. Die SO SPREEK DIE HERE is nog steeds geldig: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het"* (Joh. 13:20). So ook: *"Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: 'n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle my woord bewaar het, sal hulle julle woord ook bewaar"* (Joh. 15:20). Die grootste verantwoordelikheid voor God is 'n hemelse roeping wat aan die Gemeente gekoppel is.

God kan berou het dat Hy mense geskape het: *"Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in Sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart"* (Gen. 6: 5+6). Maar 'n roeping kan Hy egter nie berou nie. Aangaande 'n roeping, lees ons: *"Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik"* (Rom. 11:29).

In Exodus 3 en 4 vind ons die roeping van Moses, aan wie die Engel van die HERE in 'n vlammende doringbos verskyn het. Daarop kon hy toe sê: *"Die God van julle vaders het my na julle gestuur"* (Ex. 3:13). *"Toe antwoord Moses en sê: Maar as*

*hulle my nie glo en na my stem nie luister nie, en sê: Die HERE het nie aan jou verskyn nie?"* (Ex. 4:1). Dit gaan altyd oor die geloof van die hoorders. *"En* ***as hulle jou nie glo*** *en aan die eerste teken geen gehoor gee nie,* ***dan sal hulle die laaste teken glo****"* (Hfst. 4:8).

Elke mens binne die vele denominasies en godsdienste, glo op een of ander manier. Selfs die duiwel glo en sidder (Jak. 2:19). Maar in die Koninkryk van God, gaan dit altyd daaroor, om te glo aan **wat God in der waarheid gesê en belowe het** — ook met Broeder Branham, aan wie gesê was: **"As jy die mense sover kan kry om jou te glo, en opreg te wees, wanneer jy dan bid, dan sal niks jou gebed verhinder nie, selfs nie kanker nie".** Voor elke genesingsdiens was die koortjie gesing:

*Only believe, Only believe,*
*All things are possible,*
*If you only believe*

(Glo net, alles is moontlik, as jy net kan glo).

Ons lees in Matthéüs 13, vers 58, dat onse HERE in Nasaret, Sy tuisdorp, *"daar vanweë hulle ongeloof nie baie kragtige dade gedoen (het) nie"*.

**Ongeloof is die eerste sonde** en gaan terug na die Tuin van Eden. Broeder Branham het dit herhaaldelik beklemtoon. Hier volg drie van sy aanhalings vanuit die jare 1953, 1956 en 1960:

**"Vergewe onse sonde van ongeloof, wat die oorspronklike en enigste sonde is. God, help ons vanaand om getrou te wees en te glo"** (9 Mei, 1953, Jonesboro).

**"Laat ek jou gou op 'n woord wys. Toe die duiwel Jesus Christus vir die eerste keer ontmoet, het hy getwyfel oor Hom: twyfeling kom altyd van die duiwel af. Dit is hoe die eerste sonde gekom het. Daar is geen**

**ander sonde, behalwe twyfel. Ongeloof is die oorspronklike en enigste sonde. Egbreuk is nie sonde nie; sigaretrook is nie sonde nie; dronkenskap is nie sonde nie: dit is die eienskappe van ongeloof"** (22 Julie, 1956, Shreveport).

**"Kyk, my liewe vriend, 'n sedelose lewe is nie sonde nie, ook nie whisky drink, óf egbreuk nie. Dit doen jy omdat jy nie 'n gelowige is nie. Dit is eienskappe van ongeloof. Jy doen dit omdat jy nie 'n gelowige is nie. As jy 'n gelowige is, sal jy nie hierdie dinge doen nie. Daar is eintlik net een oorspronklike sonde en dit is ongeloof. Die Skrif sê: *... hy wat nie glo nie, sal veroordeel word* —** Mark. 16:16" (10 Januarie, 1960, Tifton).

Na die preke oor die seëls in Maart, 1963, het Broeder Branham altyd na Eva verwys, wie geluister het na wat die slang aan haar vertel het. Hy het dit gereeld vergelyk met Openbaring 22, verse 18-19: *"Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is ".*

Satan het in die vorm van die slang na Eva gekom en twyfel gesaai oor wat die HERE God aan Adam gesê het: *"Is dit so dat God gesê het...?".* Miskien het hy haar selfs gevra: "Het jy dit gehoor? Was jy daar?". So het Eva onder die invloed van Satan gekom. Paulus skryf: *"... En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom"* (ITim. 2:14).

Wat geloof betref, het die HERE gesê: *"Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe;* ***want as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe****"* (Joh.

8:24). Na Sy opstanding het Hy die dissipels se ongeloof berispe: *"Later het Hy aan die elf self verskyn toe hulle aan tafel was, en Hy het hulle* ***hul ongeloof*** *en hardheid van hart verwyt, omdat hulle die wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie"* (Mark. 16:14).

**Ongeloof is die oorspronklike sonde**. Wie God nie glo nie, maak Hom 'n leuenaar (Rom. 3:4). In Hebreërs 3, vers 12, lees ons die ernstige vermaning: *"Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle 'n bose en* ***ongelowige hart*** *is deurdat hy van die lewende God* ***afvallig word*** *nie".*

Die uittog van Israel deur die Rooi See en die bonatuurlike versorging met die manna in die woestyn, was enorm: ***"Deur die geloof het hulle*** *die Rooi See deurgegaan soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars, toe hulle dit probeer, verdrink het"* (Heb. 11:29). Maar hoe was die einde vir baie mense? *"Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn ... Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het"* (IKor. 10: 5-11). Vir self-ondersoek is dit nodig dat almal IKorinthiërs 10, vanaf vers 1, tot 15 lees. In Hebreërs 3, vers 19, word dit soos volg opgesom: *"En ons sien dat hulle* ***deur ongeloof*** *nie kon ingaan nie".*

God se welbehae rus hierop: Eers geloof dan gehoorsaamheid. Geloof is oorwinning, ongeloof is nederlaag. *"Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens, baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word"* (Rom. 5:19). Wie meer oor die gevolge van ongeloof wil weet, kan in Romeine 11 verder oplees.

Geloof en gehoorsaamheid vind aansluiting by God, ongeloof en ongehoorsaamheid skei ons van God. Geloof in Jesus Christus lei tot gehoorsaamheid, ongeloof tot ongehoorsaamheid. *'... Want wederstrewigheid is 'n sonde van*

*waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens ..."* (ISam. 15:23).

Nou wys dit wie God regtig glo, soos Abraham God geglo het *"...soos geskrywe is: Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak — voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan"* (Rom. 4:17; Gen. 17:5). Eers wanneer God deur Sy Woord met 'n mens praat, slegs dan kan so 'n mens glo. Wie deur ongeloof beheer word, verklaar daardeur dat so iemand nog onder die invloed van die bose is.

Abraham het God geglo (Rom. 4:17): *"En Hy sê: Ek sal oor 'n jaar sekerlik weer na jou toe kom — dan sal jou vrou Sara 'n seun hê"* (Gen. 18:10), en het die beloofde seun gehad. Abraham was gehoorsaam: *"Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys"* (Gen. 22:2). *"Want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang"* (Heb. 11:19).

*"Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?"* (Jak. 2: 21-24).

By Eva het die ongeloof wat deur twyfel gesaai is, tot verleiding gelei, en daarna het ook Adam sy vrou Eva beken. As gevolg hiervan het twee verskillende sade na vore gekom, Kain en Abel. Beide was godsdienstig, beide het in dieselfde God geglo, beide het 'n altaar gebou en hulle slagoffers gebring, maar hulle het van geboorte af fundamenteel verskil. Abel en sy slagoffer, naamlik 'n lam, het genadig na God gekyk. Kain en sy slagoffer, die vrugte van die veld, het Hy nie aangesien nie (Gen. 4: 1-8).

Alle boodskap-gelowiges weet wat in die Tuin van Eden gebeur het. Maar nou gaan dit oor ons tyd. Satan het ook wat Broeder Branham gesê het, in twyfel getrek, naamlik dat *die*

*boodskap* die tweede koms van Christus sal vooruitgaan. Satan het dit in getwyfel getrek dat die boodskap ná sy heengaan, aan die hele wêreld oorgedra sal word. Vir ons, wat nou leef, staan geskryf: *"Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê; nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig"* (IJoh. 3: 11-12). Die goddelike liefde is die band van volmaaktheid (Kol. 3:14; IKor. 13)

God se welbehae moet op elkeen rus wat weggeraap wil word, net soos Henog met God gewandel het en nie meer op aarde gevind was nie (Gen. 5:24; Heb. 11:5). Nie die begin nie, maar wel die einde sal gekroon word (IITim. 4:8).

## Die 500ste herdenking van die Reformasie

Die Evangeliese Kerk vier die 500ste herdenking van Luther se hervorming vanaf 31 Oktober, 2016 tot 31 Oktober, 2017. Hierdie Reformasieherdenking sal nie net in Duitsland wees nie, maar wêreldwyd. Selfs die Katolieke Kerk vier saam: die voorsitter van die Duitse Biskoppekonferensie, kardinaal Reinhard Marx, en Heinrich Bedford-Strohm, die voorsitter van die EKD-raad, was dit eens dat albei kerke die herdenking in 'n reeks geleenthede saam moet vier. Daardeur sou die 'eenheid in geloof' sigbaar gemaak word.

Op wêreldvlak is die vieringe vir die 500ste herdenking van die Reformasie in die Sweedse stede Lund en Malmö reeds begin – in die land waar die Lutherse Wêreldfederasie 70 jaar gelede gestig was. Die president van die Lutherse Wêreldfederasie, Biskop Munib Younan, en die hoof van die Katolieke kerk het met 10,000 deelnemers in die stadion van Malmö gevier. By die geleentheid van die gemeenskaplike ekumeniese gebed, het Pous Francis 'n kort toespraak in die Lutherse katedraal van Lund gehou, wat hy geopen het met

die teks uit Johannes 15, vers 4: *“Bly in My, soos Ek in julle”*. In Lund het Pous Francis en Biskop Younan op 31 Oktober, 2016, ook 'n verklaring oor die sakrament onderteken. Die gesamentlike verklaring het ook met die woorde in Johannes 15, vers 4 begin: *“Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie”*. Dit gaan oor die versoening en die genesing van die wonde wat hulle mekaar toegedien het, en die besef dat wat hulle verbind, groter is as wat hulle skei. Albei kante is daartoe verbind om die struikelblokke te verwyder en om in volle ekumeniese eenheid te kom. Die doel is die gesamentlike nagmaal. Deur saam te werk, sal hulle “die krag van die Drie-enige God” kry, staan daar.

Die konkrete en volle eenheid sal deur die katolieke eucharis-viering met die evangeliese nagmaal uitdrukking vind. Hulle verskil egter fundamenteel daaroor, soos in die Heidelbergse Kategismus onder vraag 80 gesien kan word: ‘n gedenkmaal (1Kor. 11:25), teenoor ‘n hernude offer.

**Vraag 80:** **Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?**

Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het (a), en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word (b), wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader (c) is en daar deur ons aanbid wil word (d). Die Roomse mis daarenteen leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus, en 'n afgodery wat vervloek is (e).

(a) Heb 10:10, 12; 7:26, 27; 9:12, 25; Joh 19:30; Matt 26:28; Luk 22:19.
(b) 1 Kor 10:16, 17; 6:17.
(c) Joh 20:17; Kol 3:1; Heb 1:3; 8:1.
(d) Matt 6:20, 21; Joh 4:21; Luk 24:52; Hand 7:55; Kol 3:1; Fil 3:20; 1 Tess 1:10.
(e) Heb 9:26; 10:12, 14

Uittreksel uit bladsy 52 van die Duitse weergawe van die HEIDELBERGSE KATEGISMUS

Glo die protestantse woordvoerders hoegenaamd nie wat die hervormer geleer het nie? Het enige van hulle Luther se 1545 voorwoord van die profeet Daniel, gelees? Verstaan

enigeen van hulle die profetiese insig en vooruitsig van Luther van destyds?

In sy voorwoord het hy die vier opeenvolgende ryke van Daniël duidelik beskryf: die BabiIoniese Ryk, die Medo-Persiese Ryk, die Griekse Ryk en die Romeinse Ryk, wat in 63 vC begin het.

Alle godsdienstige publikasies, selfs die dagblaaie en weeklikse tydskrifte, handel oor die Reformasie. Is die uiteindelike doel nie eenwording van alle wêreldgodsdienste onder Rome, die sewe-heuwel-stad — die Vatikaan nie? Was die Verdrag van Rome dan nie op 25 Maart, 1957, in die Vatikaan onderteken nie? Is die gesogte nuwe wêreldorde nie reeds binne bereik nie? Dit moet alles gesê word omdat dit bybelse profesie in vervulling is. Ons het die eindtyd bereik en alles gebeur soos voorspel vir die eindtyd.

Die Verlosser het natuurlik nie in die hoëpriesterlike gebed vir die vereniging van twee kerke of alle gelowe gebid nie, maar vir die eenheid van die verlostes: *"Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie ... Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees ..."* (Joh. 17: 14+23). Hy is die wingerdstok en al die waaragtig-weergebore gelowiges is die lote, waarin die goddelike lewe as die vrugte van die wingerdstok geopenbaar word. Die eenheid van die verlostes vind plaas onder Christus, die Hoof van die Gemeente, wat volgens Handelinge 2, 2000 jaar gelede gestig is op Pinksterdag in Jerusalem. Die staatskerk in die Romeinse Ryk is 325 nC by die Raad van Nicaea gestig. Die deurbraak tot 'n geestelike vernuwing was die Reformasie deur Luther, Melanchton, Zwingli, Calvyn en hul voorgangers Wycliff en Hus. In die daaropvolgende herlewings van die Metodiste en Baptiste, tot met die Pinksterherlewing in ons tyd, was die Gees van God ook in werking. Die bybelse gelowiges gaan nie na Rome óf na Nicaea nie, maar terug na

Jerusalem. Dit gaan oor die terugkeer na God en Sy Woord. Met die laaste boodskap voor die Wederkoms van Christus, word die gelowiges teruggevoer na die vroeë Christendom. Ons het in die tyd van die uitroeping, herstelling en die voorbereiding aangekom, om 'n aandeel te hê in dit wat God nou doen, en verwag die Wederkoms van Christus.

## Die terugkeer van die Jode na hul land

Die Joodse volk het 'n pynlike geskiedenis agter hulle. Nadat hulle 2000 jaar gelede uit die land wat God aan hulle almal gegee het, al oor die wêreld verstrooi was, is daar sedert 1948 weer 'n Joodse staat. Die Jode was eeue lank as 'n vreemde minderheid en godsdienstige gemeenskap beskou. Hulle moes in omheinde nedersettings lewe. Hulle was die erkenning as 'n volk geweier. Met die eerste Sionistiese Wêreldkongres in 1897, in Basel, onder aanvoering van Theodor Herzl, het hulle weer gekwalifiseer as 'n volk en aanspraak gemaak op hulle eie staat.

Op 2 November, 1917, het die Britse minister van Buitelandse Sake, Lord Arthur James Balfour, aan die sionistiese beweging die besluit van sy regering oorgedra om 'n "nasionale tuiste vir die Joodse volk in Palestina" te vestig. Groot Brittanje het die mandaat oor die hele Palestina sedert 1922 gehad. Op 29 November, 1947, het die VN se algemene vergadering besluit: "Die Britse mandaat word verdeel in 'n Arabiese en 'n Joodse staat". David Ben Gurion proklameer toe die stigting van die staat Israel op 14 Mei in 1948.

"Toe Israel in 1948 gestig is, het die land ongeveer 806,000 inwoners gehad. 68 jare later, is daar op die onafhanklikheidsdag in 2016, volgens amptelike statistieke, 8.522 miljoen" ("Israel Vandag" uittreksel, Junie 2016).

God het aan die volk Israel baie beloftes gegee, ook in verband met die Beloofde Land. Jerusalem word 780 keer in die Bybel genoem, die Berg Sion 157 keer — altyd in verband met die volk Israel. Ook hulle verstrooiing en terugkeer word in bybelse profesieë van getuig. Aldan die volgende skrifgedeeltes:

*"... En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is"* (Luk. 21:24).

*"So waar as die HERE leef wat die geslag van die huis van Israel laat optrek en laat kom het uit die noordland en uit al die lande … En hulle sal woon in hulle land"* (Jer. 23:8).

*"... let op die grootpad, die pad wat jy geloop het. Kom terug, o jonkvrou van Israel, kom terug na die stede van jou!"* (Jer. 31:21).

*"Ek sal julle bymekaarmaak uit die volke en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, en Ek sal aan julle die land Israel <u>terug</u>gee"* (Esé. 11:17)

*"En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle na jul land <u>terug</u>bring"* (Esé. 36:24).

*"Maar as die HERE al Sy werk voltooi het op die berg Sion en in Jerusalem ..."* (Jes. 10:12)

*"En die maan sal rooi word van skaamte, en die son sal skaam wees; want die HERE van die leërskare sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem, en voor Sy oudstes sal daar heerlikheid wees"* (Jes. 24:23).

Volgens Hoséa 9:10 is die vyeboom 'n simbool vir Israel: *"Ek het Israel gevind soos druiwe in die woestyn; Ek het julle vaders gesien soos voorvye aan die vyeboom in sy eerste groei …".*

*"En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is … So weet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, dat dit naby is, voor die deur"* (Matt. 24:32; Mark. 13:28).

Ons sien hoe dié verwikkeling in Israel voor ons oë vervul word.

Die brief van Balfour staan in die geskiedenis bekend as die 'Balfour-verklaring' en word beskou as die basis vir die ontstaan van die staat van Israel. Die Palestynse Outoriteit in Ramallah het so pas aangekondig dat hulle die Balfour-verklaring vanaf 2 November 2016, tot 2 November 2017 gaan beveg, wat die 100ste bestaansjaar daarvan sal wees. Hulle wil geregtelike stappe teen die verklaring doen en terugwerkende vergoeding vanaf Londen eis.

Ons glo dat God Sy volk na die Beloofde Land teruggebring het om Sy plan vir die laaste tyd uit te voer. Dit word glad nie verander deur die regsgeding van 'n etniese groep wat eers in 1968 gevestig is nie — 51 jaar na die Balfour-verklaring!

God het die oordeel oor al die nasies aangekondig wat teen Israel sal opstaan: *"... sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het"* (Joël 3:2).

Die jongste UNESCO resolusie, wat die Tempelberg beskryf as 'n "Palestynse kulturele erfenis" en Israel 'n "besettingsmag", wys maar net met hoeveel blindheid mense getref kan word. In die Ou Testament was die Tempelberg eers as die Berg Moria bekend, (Gen. 22:2), toe later bekend as die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet. David het die hele bergterrein gekoop vir 600 sikkels goud (IKron. 21:25) en het in IKronieke 22, vers 1, verklaar: *"Dit is die huis van die HERE God, en dit is die brandofferaltaar vir Israel"*. Tot

met die vernietiging daarvan deur die Romeine in 70 nC, was die tweede Jerusalemse tempel op dieselfde perseel.

Die belofte dat die derde tempel op dieselfde fondament gebou sal word waar die eerste en ook die tweede tempel gestaan het, gaan vervul word, want in Openbaring 11, vers 1, word die nuutgeboude tempel gemeet in verband met die bediening van die

Ons leef in die tydperk waarin bybelse profesie voor ons oë tot vervulling kom, selfs al sien die wêreld dit nie raak nie. Welgedaan aan hulle wat die tekens van die tye, van die eindtyd, herken!

## God is getrou in alles wat Hy doen

Broeder Branham se bediening was van heilsgeskiedlike betekenis vir die Gemeente van Jesus Christus. Hy was as die beloofde profeet (Mal. 4: 5-6), gestuur met die boodskap, soos onse HERE bevestig het in Matthéüs 17, vers 11, en Markus 9, vers 12: *"Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Dis waar, Elía kom eers om alles te herstel"*. Elia se bediening was nie teorie nie, dit was 'n werklikheid. Hy het die volk van God na die berg Karmel geroep, die afgebreekte altaar met die 12 klippe weer opgebou, en die offer daarop geplaas. Toe het hy gebid en God het sigbaar geantwoord en die harte van die kinders van Israel was teruggedraai na God (IKon. 18: 21-40).

Ek het die spesiale bediening wat God vir Broeder Branham geskenk het, persoonlik belewe as oog- en oorgetuie. Die lojale HERE het Sy boodskapper geneem, maar die bybelse boodskap word steeds verkondig. Dit was nie my besluit dat die HERE my opdrag gegee het om dit te doen nie. Ek was nie gevra of ek wil gaan nie.

Ek kyk vol dankbaarheid terug op 'n geseënde jaar in diens van HERE. God is getrou. Hy het genade en krag geskenk, dat Sy Woord verkondig kon word en om dit oor die hele wêreld te

dra. Ja, Hy het Sy sending bevestig, en almal wat glo, is verheug daaroor. Die HERE het dit vooruitgespreek dat Hy ‘n hongerte sou stuur om Sy woorde te hoor (Amos 8:11). Hy self het my op 19 September, 1976, aangespreek: “**My kneg, ek het jou bestem volgens Matthéüs 24, verse 45-47, om die voedsel uit te deel”.** Hierdie Skrif word vervul voor ons oë, en die HERE se tafel was nog nooit so ryk gedek soos in ons tyd nie.

Die woorde “**Soos Johannes die Doper die eerste koms van Christus vooruitgestuur was, word jy met 'n boodskap gestuur wat die Wederkoms van Christus vooruit sal gaan”,** wat Broeder Branham uit die bonatuurlike lig toegeroep was, word vervul. Die getroue HERE het, deur die boodskap, alles herstel. Die leringe van die twaalf apostels — Handelinge 2, vers 42 — is weer nuut verkondig. Net soos die boodskap heeltemal in die Woord georden is, word al die ware gelowiges tot hul regte stand teruggebring — na dit, wat aan die begin in die Gemeente was. Binnekort sal die hemelse Bruidegom kom om Sy Bruid te kom haal.


Deur God se genade het ek getrou gebly aan die hemelse roeping, ten spyte van die kwaadwillige en bose lasteringe en moeilike beproewinge in my persoonlike lewe. Wat die HERE in Jesaja 54, vers 17, gesê het van diegene wat Hy gestuur het, geld steeds vandag: *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die HERE en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die HERE”.*

Ek hoef niks van wat ek in die meer as 8,000 preke geonderrig het, of wat ek in brosjures en omsendbriewe geskryf het, terug te trek nie. Die broeders wat saam met my die geestelike voedsel uitdeel, bedank ek hartlik. Wat 'n voorreg, om die laaste gedeelte, voor die Wederkoms van

Christus bewustelik te ervaar! Die volle toewyding deur dag en nag, sal beloon word (Fil. 2:16).

My gebed is dat niemand hierdie kosbare tyd sal laat verbygaan nie, sonder om versoening met God en met mekaar te ervaar nie. Daar is nog steeds tyd van genade, almal kan nog steeds na God kom en hul lewens aan die Verlosser toewy. Die vergewing van sondes word nog steeds onder die sendingsopdrag verkondig. Mense word nog steeds gelowig en laat hulle bybels doop.

Mag die laaste tydsnit 'n jaar van toejuiging, ‘n jubeljaar onder al die ware gelowiges word (Lev. 25: 8-13).




Die foto is op Maandag 15 Augustus, 2016 geneem. In die agtergrond is die wêreldkaart met die aanduidings van die baie lande waarin ek gepreek het. Dit was presies 61 jaar gelede, op Maandag, 15 Augustus 1955, na die eerste twee byeenkomste, dat ek toegelaat was om Broeder Branham se hand vir die eerste keer te skud.

Dit is 51 jaar sedert hy heengegaan het. In hierdie tyd ek het die laaste boodskap deur persoonlike reise na 160 lande gedra. Deur middel van talle TV-programme en die uitsending van ons byeenkomste, op die internet, elke eerste naweek van elke maand, vanaf die Sending-sentrum in Krefeld, bereik ons duisende gelowiges op alle vastelande. Daar is ook meer as 8,200 DVD's en 1,150 CD's, wat elke maand uitgestuur word. Die gedrukte brosjures, omsendbriewe en preke, wat gedurende 'n jaar uitgestuur word, beloop in die honderde duisende.

Die volledige evangelie is aan alle mense verkondig tot ‘n getuienis. Daarmee is Matthéüs 24, vers 14, vervul. Nou kan en sal die einde kom, maar niemand sal die dag en uur weet nie. Ek kan met groot dankbaarheid sê: “Getroue HERE, nou laat u u dienskneg in vrede gaan, want my oë het die vervulling van die belofte vir hierdie tyd gesien”. Die HERE self sal Sy werk met Sy Bruidgemeente voltooi, en haar as Bruidegom huistoe neem en voor Sy aangesig sonder vlek of rimpel stel (Efé. 5:27).

Slegs perfekte liefde, verbind met die waaragtige, lewendige geloof in elke Woord van God, sal die heerlikheid ingaan. Enige belofte van God is ja en amen en eindig vir al die uitverkorenes wie dit glo, in die vervulling daarvan (IIKor. 1: 18-22). *“Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van Sy kennis deur ons oral versprei”* (IIKor. 2:14).

Die seëninge van die Almagtige God kom oor almal wat God se Woord glo.

Aan almal wat my in gebed onthou aangaande hierdie wêreldwye sendingwerk, ek sê hartlik dankie. Mag die getroue God almal beloon wat dit ondersteun met hul gawes. Almal wat in die Sending-sentrum werk, bedank ek ook. Ja, almal wat die kosbare Woord in die baie lande versprei, mag God u seën. Laaste maar nie die minste nie, sê ek ook aan die

broeders wat die gemeente in Krefeld bedien, baie dankie. God seën almal wat lief is vir Sy verskyning. Amen.


Vir die jaar 2017 wens ons u, maak nie saak in watter stad of watter land u woon nie, God se sigbare seëninge, vanuit die hart. Ons kyk saam op, want ons weet dat ons liggaamsverlossing naby is. Maranatha.

Gelewer in opdrag van God

Br. Frank

## Terugblik op die jaar 2016

Ook hierdie jaar was die sendingsreise moontlik gemaak deur God se genade. Dit het in alle rigtings gegaan: na die Azore, na die Filippyne, Ethiopië, Mosambiek, Suid-Afrika, Zimbabwe, Burkina Faso en Nigerië, na Pakistan en Guadeloupe; maar ook na Roemenië, Frankryk, België en Engeland, en elke laaste Sondag van die maand, na Zürich.




Die uitnodiging na die dienste in Pakistan was aangekondig op nasionale televisie. In die Lahore-stadion het rondom 3,000 gelowiges vergader om die Woord van God uit die mond van die Duitse prediker te hoor. Broeder Kamran Michael, minister vir menseregte in Pakistan, het almal gegroet. Broeder Irfan Michael was die vertaler.



Die foto toon die tweede byeenkoms in 'n kerk in Lahore, Pakistan.



Die byeenkoms op 4 Desember, 2016, in die sending-sentrum in Krefeld

***Geliefde HERE Jesus,***

***onthou die verbond wat u met ons gesluit het,***

***en die bloed wat u vir ons vergiet het,***

***en die beloftes wat U ons gegee het,***

***en skenk aan ons die ewige lewe***

*******

***

*

Sou u belangstel om ons literatuur te ontvang, kontak ons gerus by die volgende telefoon nommers:

Pretoria: +27-73-631-7762

Kaapstad: +27-82-878-2765 of +27-76-112-2702

Krefeld, Duitsland: +49-2151/545151 (Duits)

U kan ook inskakel op die Internet vir ons maandelikse uitsending wat val op die eerste naweek van elke maand: op die Saterdag aand om 19h30 en die Sondag oggend om 10h00 (Sentraal-Europese Tyd). Hierdie uitsendings kan gevolg word in vyftien verskillende internasionale tale. Wees deel van God se Verlossingsplan, soos dit nou in vervulling is!

Ons is ook sigbaar op youtube.com onder

“Apostolic Prophetic Bible Ministry”

Internasionale tuisblad: http://www.freie-volksmission.de

Internasionale epos: volksmission@gmx.de

© deur die outeer en uitgewer – E. Frank